



Jesus Leef en ons met Hom

Weeklikse Brood vir 9 - 15 Junie 2019

Pinksterfees

Skriflesing vir week: Handeling 2: 1 - 21

Skriflesing vir volgende week: Johannes 16: 12-15

Sondag – Ingenooi in God se rus en tyd

Lees **Handeling 2: 1 - 21**.

- ✓ Vandag is Pinksterfees, die *kerk* se verjaardag.
- ✓ Pinkster gaan oor 'n nuwe begin, want die Gees bring nuwe lewe. Die nuwe lewe word uitgestort op almal. Dit gaan oor nuwe mense wat in 'n nuwe dimensie, situasie en tyd inbeweeg. Ons kan sê dat iets van Pinkster elke Sondag gebeur, want Sondag bevat 'n element van 'n nuwe begin.
- ✓ God werk soms op dramatiese wyse in jou lewe, soos toe die Gees uitgestort is. Soms praat Hy sag met jou. Die uitdaging is om geduldig te bly luister na wat Hy vir ons lewe wil. Die nuwe lewe is ook op jou uitgestort en jy is ook met die krag van die Gees toegerus. Op watter maniere kan God jou in die komende week in sy koninkryk gebruik?

Maandag – Luister na God se Woord

Lees **Handeling 2: 1 - 21**. Lees die gedeelte twee keer rustig deur.

- ✓ Wat het jou opgeval? Die Griekse woord "*pentekoste*" (Pinkster) beteken "vyftig." Pinksterfees, 'n Joodse godsdienstige fees, is op die vyftigste dag vanaf die Paasfees gevier. Die doel daarmee was om die Here te dank vir die oeste wat ingesamel is. Dit was 'n dag van feesviering en blydskap.
- ✓ Op die dag van die Pinksterfees was baie feesgangers teenwoordig. Dit was dus die 'n ideale geleentheid vir die uitstorting van die Heilige Gees.
- ✓ In vers 2 en 3 word van "vuur" en "wind" gepraat. Dit is simbolies van die Gees se suiwerende teenwoordigheid en krag.
- ✓ Op watter maniere het jy vandag die Gees se teenwoordigheid en krag beleef?

Dinsdag – Luister na mekaar

Lees **Handeling 2: 1 - 21**.

- ✓ God het hierdie groepie gelowiges op 'n skouspelagtige manier van sy teenwoordigheid bewus gemaak. Daar was 'n geluid van 'n stormwind; iets wat herinner het aan vuurtonges en die Heilige Gees.
- ✓ Sou jy graag wou hê dat God Hom op so 'n duidelike manier aan jou moet openbaar?
- ✓ As jy daar kon wees, hoe sou jy reageer? Soos die mense in vers 12 of soos diegene in vers 13?
- ✓ As so iets in jou Bybelstudiegroep moes gebeur, wat sou die effek daarvan wees?

Woensdag – Luister na ander en die tye

Lees **Handelinge 2: 4 - 13**.

- ✓ In ons tyd word woorde maklik leeg en afgesaag. Dit verloor gou hulle trefkrag en uniekheid. Ons taal en ons woorde verklap baie van onself.
- ✓ Ons teks praat van 'n wonderwerk. Die Gees het mense nuut laat praat en hulle verander. Dit bring ons by die vraag: Kan God dan regtig iets nuuts doen? Met my, my bure of met ons as gemeente?
- ✓ As ons glo God kan mense verander en ons leef dit, is die vraag: Wie sal na ons luister? Is ons nie te ongeloofwaardig nie?
- ✓ Hoe kan God ons as feilbare en dikwels sprakelose mense gebruik om sy Woord te bring aan 'n wêreld wat daagliks duisende woorde uit bekwame monde hoor?
- ✓ Ons het die versekering. God het eers sy Gees, die groot vertaler, na die kerk gestuur. Daarna het Hy sy kerk na die wêreld gestuur.

Donderdag – Luister weer na God se Woord

Lees **Handelinge 2: 1 - 21** en Joël 2: 28 - 32.

- ✓ Op die dag van die Pinksterfees was talle Jode uit baie lande rondom die Middellandse see in Jerusalem vir die fees byeen. Petrus se boodskap is gehoor deur mense van die hele bekende wêreld van die antieke tyd.
- ✓ Dit het daartoe gelei dat die eerste mense wat tot Christus bekeer is, oor die hele bekende wêreld versprei is.
- ✓ Vergelyk Petrus en die ander dissipels se optrede in Johannes 18: 25 - 27 en Johannes 20: 19 met hulle optrede in Handelinge 2:14.
- ✓ Wat het veroorsaak dat daar so 'n groot verskil is? Waarvandaan kom hierdie kragtige optrede?
- ✓ Petrus was nie 'n baie standvastige leier tydens Jesus se bediening nie, Sy bravade was sy ondergang en hy het selfs ontken dat hy Jesus ken. Hier sien ons 'n nuwe Petrus: 'n vreeslose, maar nederige man.
- ✓ Die Gees het gemaak dat Petrus met nuwe krag preek. Hy verwys na Joël 2. Nie alles het daardie more gebeur nie, maar hy verwys na dit wat nog gaan kom.

Vrydag – Fokus op wat God nou doen

Lees **Handelinge 2: 1 - 21**.

- ✓ As ons nie die Heilige Gees ontvang nie, is ons sonder hoop en sonder God in die wêreld.
- ✓ In 'n sekere sin is die werk van die Heilige Gees verborge, maar tog kom die Gees na mense soos ons en werk die Gees in ons hart. Die Gees kom ons gedagtes binne en lei dit. Op watter maniere het die Gees vandag jou gedagtes gelei?

Saterdag – Antwoord met jou lewe

Lees **Handelinge 2: 1 - 21**.

- ✓ In Handelinge 2 lees ons hoe mense nuut word - nuut sien, nuut praat en nuut hoor. Die ontvangs van die gawe van die Gees het mense nuut gemaak en in beweging gebring.
- ✓ Die teks wil dit duidelik maak dat die Gees van God die mense aangeraak het en hulle met krag vervul het.